NG Kerk in SA

PSD: JEUG- EN FAMILIEBEDIENING

(Stellenbosch)

Die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes-en-Suid-Kaapland) maak die vakature vir ’n PSD: Jeug- en Familiebediening in die **Diensgroep vir Gemeentebegeleiding** bekend en nooi alle belangstellendes wat daartoe geroepe voel om hulle vir hierdie pos beskikbaar te stel.

Verantwoordelikhede:

- Leiding neem om gemeentes se bediening aan jeug en gesinne te ondersteun en uit te bou.
- Netwerke bou, binne en buite die kerk, om plaaslike gemeentes se potensiaal te help ontgin.
- Gerigte navorsing oor missionale jeugbediening en nuutste tendense, asook ontwikkeling van beste praktyke vir jeug- en familiebediening.
- Koördineer bestaande bedieninge.
- Die ontwikkeling van toepaslike jeugbedieningsprodukte.
- Opleiding, toerusting en fasilitering van jeugleiers.

Die ideale kandidaat is ’n gelegitimeerde Bedienaar van die Woord van die NG Kerk wat aan die volgende vereistes voldoen:

- Toepaslike akademiese opleiding en ervaring in Jeug- en Familiebediening.
- Bewese en uitstekende kommunikasie- en fasiliteringsvaardighede.
- Vaardighede om spanne saam te stel, platforms te skep en mense met nodige vaardighede te ondersteun en bestuur.
- In staat wees en ’n passie hê om een van die Sinode se hoogste prioriteite, naamlik om die jeug in die kerk te verwelkom en te omarm, te verwesenlik.

Vergoedingspakket: Volgens sinodale riglyne.

Rig ’n volledige CV met referente voor 18 November 2015 aan:
Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne (Kenny Raats), NG Kerk in SA, Privaat sak X8, Bellville 7535.
E-pos: ngkadmin@kaapkerk.co.za / 021 957 7104

Heg ook ’n bondige voorlegging van maksimum twee bladsye aan waarin u uiteensit hoe u beoog om gemeentes in die sinode te ondersteun in hulle Jeug- en Familiebediening, asook om as gestuurdes ’n nuwe geslag gelowiges binne en buite die kerk lief te hê en te begelei as dissipels van Jesus.

Persoonlike navrae kan gerig word aan die Voorsitter van die Taakspan (ds Christi Thirion) by 082 728 9762 óf die Diensgroepkoördineerder (ds Gielie Loubser) by 083 234 2178.